**Woensdag 16 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:57-64**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:57**
**Die Here is my deel**

Psalm 119 loop oor van die digter se liefde vir die Here se Woord en vir elke onderwysing daarin. Hy wil die woorde van die Here bewaar, sê vers 57b. Dit beteken dat hy dit in sy hart wil bêre en oppas. Hy wil die Here se weë oordink en die paaie van die Here se getuienisse bewandel. Hy staan selfs om middernag op om die Here te loof vir sy regverdige bevele.

Waarom? Die Here is my deel, sê die digter. Die woord vir "deel" sou ons ook kon vertaal met 'n erfporsie of selfs 'n besitting. Die Here het al met die indeling van die beloofde land beveel dat die stam Levi nie grond mag erf nie, want die Here is self hulle erfdeel (Deut. 10:9; 18:2). Sondaars kan die Here egter nie erf nie, hulle moet die hel erf. Daarom het Christus God se straf oor ons sonde sy erfdeel gemaak. Sodoende kon Hy as ons Hoof al die beloftes van God ontvang en dit aan ons uitdeel.

Hy begin daarmee deur die Vader te bid dat Hy sy Heilige Gees oorvloedig aan sy bruid sal gee. Sodoende is die Here nou reeds ons deel. Ons het die Here reeds ontvang, want Hy woon in ons. Maar die Gees is ook die deposito van ons volle erfdeel wat wag – wanneer ons vervul sal word met die aanskouing van God se aangesig. Wie die Gees ontvang het as deposito van hulle volle erfenis, kan nie anders as om die Here se Woord diep in hulle harte te bêre nie – daardie Woord wat hulle leer hoe heerlik hulle Erfdeel is.

Sing: Psalm 119-1:19, 21

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)